higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 4

(3011024)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... was die Minister van Finansies van Suid-Afrika in 2018.

A Trevor Manuel
B Pravin Gordhan
C Nhlanhla Nene
D Gill Marcus

1.1.2 Die ... word gebruik om ekonomiese groei te meet.

A reële BBP per capita
B reële BBP
C nominale BBP
D BBP

1.1.3 ... vreet weg aan die waarde van geld.

A Werkloosheid
B Die inflasiekoers
C Die wisselkoers
D Die rentekoers

1.1.4 Die M3-geldvoorraad word deur ... saamgestel.

A M2 + D
B C + D
C M1 + korttermyn- en mediumtermyndeposito's
D M2 + langtermyndeposito's

1.1.5 ... word teen 'n voorgeskrewe persentasie van die waarde van 'n ingevoerde artikel bereken.

A 'n Kwota
B 'n Spesifieke tarief
C Beskermingsbelasting
D 'n Ad valorem-tarief

1.1.6 Watter uitwerking sal die toename in invoer op die betalingsbalans hê?

A 'n Tekort in die lopende rekening
B 'n Surplus in die finansiële rekening
C 'n Tekort in die finansiële rekening
D 'n Surplus in die lopende rekening

Kopiereg voorbehou

1.1.7 ... het betrekking op 'n toestand waarin alle ander dinge dieselfde bly.

A Konstant
B Ad hoc
C Niebetaling
D Ceteris paribus

1.1.8 Die doel van die monetêre beleid is om ...

A armoede uit te wis.
B die waarde van die geldeenheid te beskerm
C meer werksgeleenthede te skep.
D 'n gelyke verdeling van inkomste te vestig.

1.1.9 EEN van die volgende wette is NIE op plaaslike ekonomiese ontwikkeling van toepassing nie:

A Wet op Vaardigheidsontwikkeling ('Skills Development Act') 110 van 2001
B Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture 117 van 1998
C Wet op Ontwikkelingsfasilitering 67 van 1995
D Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 32 van 2000

1.1.10 Watter van die volgende partye is by die opstelling van 'n kredietbrief betrokke?

A Applikant, uitreikingsbank, raadgewende bank en betalende bank
B Applikant, uitreikingsbank, raadgewende bank, betalende bank en die owerheid
C Applikant, uitreikingsbank, raadgewende bank, betalende bank en die begunstigde
D Applikant, uitreikingsbank, raadgewende bank en die begunstigde

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die nominale BBP word gebruik om burgers se lewenstandaard te meet.

1.2.2 Die produsenteprysindeks is een manier om die inflasiekoers te meet.

1.2.3 Inkomsteverdeling is een van die doelwitte van die makro-ekonomiese beleid in Suid-Afrika.

1.2.4 Globalisering verskans die oorheersing van welvarende lande oor arm lande.

1.2.5 Belasting is 'n inspuiting in die kringloop aangesien dit finansies voorsien aan die owerheid wat hy aan die ekonomie kan bestee.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Die terugkoopkoers ('repokoers') is die hulpmiddel wat monetêre owerhede gebruik om 'n monetêre beleid te implementeer.

1.2.7 Transitorisikodekking beskerm die uitvoerder teen politieke risiko's in die land waarnatoe die goedere uitgevoer word.

1.2.8 'n Promesse is 'n getekende onderneming om 'n vasgestelde bedrag aan 'n gespesifiseerde persoon teen 'n gespesifiseerde rekening of in 'n rekening te betaal.

1.2.9 Die vooruitvalutakontrak help om die uitvoerder teen die moontlikheid van die verswakking van die plaaslike geldeenheid te beskerm.

1.2.10 Die invoerfaktoor is verantwoordelik daarvoor om die kredietbrief toe te pas sodat die uitvoerder betaal kan word.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Word gebruik om die inflasiekoers te bereken	A	kwotasie
1.3.2	Die persentasie verandering in die hoeveelheid gevra bo die persentasie verandering in die prys van die produk	B	kruiselastisiteit van vraag
1.3.3	'n Versekering waarvolgens 'n uitvoerder teen ongunstige wisselkoersskommelings beskerm word	C	skatkiswissel
1.3.4	'n Aanbod om goedere in sekere omstandighede teen 'n spesifieke prys te verkoop	D	adviserende bank
1.3.5	'n Korttermynskuldinstrument wat die owerheid uitreik wanneer hy geld wil leen	E	uitreikingsbank
1.3.6	'n Finansiële transaksie waarin rekeninge ontvangbaar teen 'n korting verkoop word	F	likwidasie
1.3.7	'n Proses waarvolgens 'n maatskappy se bedrywighede gestaak word en die bates daarvan verkoop word	G	pryselastisiteit van vraag
1.3.8	Die owerheid se plan betreffende belasting, besteding en owerheidslenings	H	geldeenheid-opsies
1.3.9	Die geld wat 'n onderneming in die bank het waarmee hy sy verskaffers en werknemers moet betaal	I	verbruikersprys-indeks
1.3.10	Die bank wat 'n dokumentêre krediet op versoek van sy kliënt oopmaak	J	kontantvloei
		K	fiskale beleid
		L	faktorering

(10 × 1) (10)

[30]

VRAAG 2

Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

PRYS (R)	HOEVEELHEID AANGEBIED	HOEVEELHEID GEVRA
10	50	350
20	100	300
30	150	250
40	200	200
50	250	150

2.1 Identifiseer die *ewewigsprys* en die *ewewigshoeveelheid* in die tabel. (2)

2.2 As die hoeveelheid aangebied op elke pryspeil met 10% toeneem, bereken die nuwe hoeveelhede aangebied vir elke pryspeil. (5)

2.3 Gee die formule vir die pryselastisiteit van aanbod. (2)

2.4 Dui EEN bepaler van aanbod aan. (1)
[10]

TOTAAL VIR AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

SA WERKLOOSHEIDSKOERS BESTENDIG TEEN 26,7%



Die land se werkloosheidskoers het oor die eerste kwartaal van 2018 bestendig gebly, vergeleke met die vierde kwartaal van 2017, volgens die kwartaallikse arbeidsmagopname wat Dinsdag deur Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) vrygestel is.

Die landbousektor het 3 000 werksgeleenthede aangeteken. Die uitgebreide werkloosheidskoers het met 0,4 van 'n persentasiepunt in die eerste kwartaal tot 36,7% kwartaal tot kwartaal verhoog. Hierdie hardnekkige, hoë werkloosheidskoers in Suid-Afrika, veral onder die jeug, is een van die grootste uitdagings waarvoor die owerheid te staan kom.

[Bron:*https*:*www.Fin 24.com, 15 May 2018*]

3.1.1 Omskryf die term *werkloosheid* volledig. (3)

3.1.2 Noem VIER oorsake van werkloosheid. (4)

3.1.3 Verduidelik VYF maniere waarop werkloosheid negatief op die Suid-Afrikaanse ekonomie inwerk. (5 × 2) (10)

3.2 Wat is die verskil tussen die *nominale BBP* en die *reële BBP*? (4)

3.3 Dui VYF makro-ekonomiese doelstellings van die fiskale beleid aan. (5)

3.4 Omskryf *bruto nasionale inkomste.* (4)

3.5 Noem en verduidelik DRIE maatstawwe van *geldvoorraad* in die ekonomie. (6)

3.6 Differensieer tussen die *produsenteprysindeks* en die *verbruikersprysindeks*. (4)

[40]

VRAAG 4

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

RAND NAGENOEG 1% LAER TEEN DOLLAR IN VROEË VERHANDELING



Die rand het Maandagoggend, tydens die vroeë verhandeling daarvan, byna 1% teen die dollar grond verloor. Om 10:04 het dit teen R13,84/$ verhandel, wat 0,85% laer was vir die dag. Analiste reken dat geopolitiek – by name die handelsoorlog tussen China en die VSA oor marktoegang en tariewe – waarskynlik die plaaslike geldeenheid terughou.

Data wat Maandag vrygestel gaan word, sluit die aankoopbestuurdersindeks ('PMI') en voertuigverkope in. 'Dit sal waarskynlik baie stewig wees, en swak syfers sal tot druk op die rand bydra,' meen Bianca Botes van Peregrine Treasury Solutions in 'n oggendopmerking.

Die VSA sal ook sy PMI-syfers en vervaardigingsdata uitreik, wat die rand kan opstoot indien dit positief is, sê Botes. Sy verwag dat die rand hierdie week in die smal band tussen R13,50/$ en R14,00/$ sal verhandel. NKC African Economics het intussen in navorsing aangedui dat hy verwag dat die plaaslike geldeenheid tussen R13,50/$ en R13,85/$ sal verhandel.

[Bron: *https*: *//www.Fin24.com, 02 July 2018*]

4.1 Omskryf die volgende terme wat op internasionale handel van toepassing is:

4.1.1 Dumping

4.1.2 Ad valorem-tarief

4.1.3 Invoerkwota

(3 × 2) (6)

4.2 Die wisselkoers van die rand teenoor die VS-dollar is R13,84 (dws $1 = R13,84).

4.2.1 Bereken die wisselkoers voordat die rand met 0,85% tot sy huidige waarde geappresieer het. Toon AL jou berekeninge.

4.2.2 Wat sal die nuwe wisselkoers wees indien die rand die volgende dag met 1% depresieer? Toon AL jou berekeninge.

(2 × 5) (10)

Kopiereg voorbehou

4.3 Noem SES dokumente wat 'n uitvoerder vir die kredietbrief aan die uitreikingsbank moet voorlê. (6)

4.4 Verduidelik kortliks VIER soorte versekeringsdekking wat 'n uitvoerder kan uitneem wanneer goedere na oorsee uitgevoer word. (4 × 2) (8)

4.5 Watter uitwerking sal dit op die ekonomie hê as die rand waarde teen buitelandse geldeenhede verloor? (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 5

5.1 Noem VIER prosesse van 'n monetêre beleid. (4)

5.2 Omskryf die term *mark*. (3)

5.3 Noem DRIE soorte verbruikersgoedere en gee EEN voorbeeld van elkeen. (6)

5.4 Noem en verduidelik kortliks VYF partye wat by die kredietbrief betrokke is. (5 × 2) (10)

5.5 Watter uitdagings staar volhoubare ontwikkeling in South Africa in die gesig volgens die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsplan ('UNDP')? (5 × 2) (10)


5.6 Noem SEWE finansiële instrumente wat met internasionale handel geassosieer word. (7)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

HERSIEN SKULDSTRUKTUUR TUSSEN MUNISIPALITEITE EN ESKOM, SÊ MKHIZE



Die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Aangeleenthede, Zweli Mkhize, het aan die Parlement se Staande Komitee vir Openbare Rekeninge genoem dat munisipaliteite se betalingstruktuur hersien moet word, ongeag of hierdie munisipaliteite, wat aan Eskom geld skuld, hul skuld betaal of nie.
Mkhize het Scopa Donderdagoggend hieroor ingelig, 'n dag nadat tien munisipaliteite, wat sukkel om hul Eskom-skuld te delg, dieselfde komitee ingelig het oor die redes dat hulle versuim het om te betaal.

Mkhize het onder andere voorgestel dat Eskom moet ophou om geskeduleerde kragonderbrekings op wanbetalende munisipaliteite af te dwing. Die tussenministeriële komitee wat hy aanvoor, is besig om vordering met die hantering van die aangeleentheid te maak, sê hy.

[Bron: *https*:*www.Fin24.com, 15 June 2018*]

6.1 Gee VYF sleutelbegrippe wat die kern van plaaslike ekonomiese ontwikkeling uitmaak. (5 × 2) (10)

6.2 Noem DRIE stukke wetgewing wat op plaaslike ekonomiese ontwikkeling van toepassing is. (6)

6.3 Globalisering bring geleenthede en bedreigings vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling mee.

6.3.1 Watter geleenthede bied globalisering vir Suid-Afrika se plaaslike ekonomiese ontwikkeling? (4 × 2) (8)

6.3.2 Watter uitdagings hou globalisering vir Suid-Afrika se plaaslike ekonomiese ontwikkeling in? (2 × 2) (4)

6.4 In watter rekening van die betalingsbalans word portefeuljebeleggings van oorsee af geboekstaaf? (1)

6.5 Gee VYF sleutelbeginsels van plaaslike ekonomiese ontwikkeling. (5 × 2) (10)

6.6 Van watter sektor, wat regtens geregistreer is, word verwag om belasting te betaal? (1)

[40]

TOTAAL VIR AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou